

Skriflesing: 1 Korintiërs 2:1-11
Tema: Game Changers

Ons bevind onself nou so 'n paar weke na die vakansie en meeste van ons het seker darem iewers oor die Kerstyd so 'n ou presentjie present gekry. En miskien was jy so gelukkig gewees om 'n elektroniese geskenk te kry; 'n ding wat werk met krag en so meer. Dit kan nou enige iets wees soos n ketel of 'n radio of toaster of wat ook al, maar geskenke soos hierdie het 90% van die tyd wanneer jy dit oopmaak so 'n papiertjie vol instruksies ook by.

En dan nou natuurlik kry jy twee soorte mense: die mense wat die instruksies lees voor hulle die produk gebruik en die ander wat glad nie omgee oor die instruksies nie en net eenvoudig die ding uitprobeer... en dan later op YouTube kyk hoe dit regtig werk...

Maar instruksies is lewensbelangrik...

Lees die instruksies. Instruksies is lewensbelangrik. Alles werk met instruksies. Selfs die gawes en die talente wat ons van die Here ontvang. Hierdie instruksies of hierdie riglyne vind ons daar in die 12de hoofstuk van die Korintiërsboek. 1 Korintiërs is juis dan soos daardie papiertjie wat jy saam met iets kry wat jy gaan koop het.

Hy gee instruksies vir die geestelike gawes wat Hy aan almal uitdeel! Die groot Griekse woord wat Hy gebruik is die woord "charisma" wat ook dan nou deur sekere ander kerke toegeëien is, maar ons moet dit weer terugneem want dit is vir alle Christene bedoel. Paulus skryf dat elke gelowige 'n "charisma" ontvang het..

God is 'n goeie god. Dis altyd Kersfees by die Here. Maar as die Here jou iets gee dan gee daarmee saam ook n instruksie boek en dis die probleem, dit was ook die probleem daarin die stad van Korinte want hulle almal van die instruksie boek vergeet.

Nou kom Paulus terug na hulle toe en herinner hulle aan die Here se instruksies.

Skriflesing 1 Kor 2:1 -11

Die Here is in die geskenke-besigheid. Hy gee nie geskenke nie; Hy is die geskenk. Hy is die geskenk nie net vir nou nie, maar tot in alle ewigheid. Vir die res van die ewigheid gaan ons net dankbaar wees vir een naam en dit is Jesus Christus. Jesus Christus is die lewe, die lig vir die wêreld, die lewende brood en die weg en die waarheid. Hy is as geskenk aan die wêreld gegee sodat almal vir altyd sal leef.

Maar God sê omdat Hy jou ken, gee Hy vir jou 'n paar geskenke... Paulus sê die Here gee baie geskenke. En so het elkeen sy gawe: sommige kan vinnig hardloop en ander kan met hulle hand die pragtigste dinge van hout maak en ander het weer besondere wysheid.

Die feit is: daar staan geskrywe dat die Here minstens 1 geskenk vir elkeen gegee het. Die uitdaging is om die geskenkpapier af te haal. Ek ken so baie Christene wat hulle hele lewe leef sonder om te weet wat hulle een geskenk van die Here is. Dan vra hulle waarom leef ons nie sinvol nie. Miskien omdat hulle nog nie die geskenkpapier afgehaal het nie...

As dit jou gawe is om mense te dien, dan moet jy dien. As dit jou gawe is om administrasie te doen, te preek, te versorg... As as die Here jou geroep het as onderwyser, kok, polisieman of as predikant, doen dit dan. Moenie daarvan weg hardloop nie. *Use it or loose it*. Jou talente is daar om mee gewoener te word. Heel aan die einde gaan die Here ons vra wat ons gedoen het met ons geskenke. Want Hy gee nie geskenke net om te gee nie... jy moet elke dag jou geskenk gebruik.

Dis die eerste instruksie: Elke mens het 'n persent.

Die tweede instruksie is in vers 3: Gebruik dit vir die Here. Niemand mag dit vir himself gebruik nie. As jy sing of hardloop of boer, doen dit vir die Here. Dis soos die storie van die twee predikers in Engeland. En iemand besluit toe hulle gaan na albei luister op een dag. En toe iemand vir hom vra wie is die beste is Toe antwoord hy: "Dr Carmichael is a great preacher, but Dr Spungin has a wonderful God."

As jy boer en mense sien nie die Here nie of jy is 'n onderwyser, maar kinders sien nie die Here nie of jy sing en mense sien nie die Here nie of as jy hardloop en mense sien nie die Here nie, dan mis ons die punt van die Here se gawe.

Dis soos Siya die toiletskoonmaker hier in Port Elizabeth lughawe. Jy kan maar enige tyd van die dag daar inloop as hy daar is en jy sal ontvang word met 'n *smile* en 'n vriendelike groet. Sy kleedkamer is netjies. Hy gee selfs vir jou papierhanddoek aan... Toe ek een aand laat daar ingaan na 'lang dag, vra ek hom hoekom hy dit doen en sy woorde het my aangeraak: "Sir, this is what I'm called to do and it brings me great joy".

As 1 Kor 12 op so manier op jou ore geval het dat dit jou hart aantast, dan word jy 'n geloofsreus of sommer kortweg 'n *Game Changer* op die Here se speelveld. Die normale en gewone uitdagings van roetine word spasies van ontsaglike diepte en veranderende potensiaal in die Koninkryk van God! Ek het onlangs die voorreg gehad het om so 'n reus te ontmoet, naamlik Siya. Siya is aangestel by die lughawe hier in Port Elizabeth en het die taak om die manskleedkamer netjies, skoon en in orde te hou. Maar iewers in Siya se lewe het hy sy Godgegewe geskenk ontdek... Hy het ontdek dat hy briljant is en hy sal jou herinner as jy hom daarvoor uitvra: "Sir, this is what I'm called to do and it brings me great joy".

Die 3de instruksie is in vers 7: Jy sal dit gebruik tot voordeel van ander.

Christene is die onselfsugtigste mense wat daar is, maar dit sien jy seker oral? Nee, dit is waar nie, want ons gebruik nie ons talente reg nie. Wat beteken dit om onselfsugtig te lewe? Dis soos die plek in die ry by die kampe. Een lekker ding van 'n ry is dat jy altyd plek sal kry agter in die ry. Niemand druk daar in nie. Dis daar waar Jesus staan. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Daardie is die hartklop wat ons moet hê...

Die vraag is dus dan hoe kan ek my werk doen dat Jesus gesien word in my? Dis soos die een ou wat my vertel hoe hy belasting ontduik. En as jy vra hoekom hy dit doen, dan is antwoord hy dat dit maklik is, want almal doen dit! Maar is Christene nie veronderstel om die uitsondering op die reël te wees nie? Is ons nie veronderstel om juis agter in die ry te staan sodat ons ander kan dien nie? Dis wat Jesus se geskenk aan jou doen: dit maak jou so 'n bietjie onsigbaar dat Jesus na vore kan kom deur jou. Dis wat met ons moet gebeur. Ons moet verdwyn sodat Jesus in ons na die wêreld toe kan deurbreek.

Daar is nog 'n geskenk wat die Here gee in 1 Kor 13: Die Here gee Sy geskenke sodat die liefde van die Gees in ons harte kan wees.

Die liefde. En Paulus beskryf die liefde daar in 1 Kor 13 vers 4 tot 7. Die Here gee Sy liefde vir ons, want die wêreld is 'n liefdelose plek. Dit hoor ons genoeg en gereeld. Kom ons sê dit maar vir mekaar dat 2016 'n liefdelose jaar gaan wees in Suid-Afrika. Meeste gelowiges reageer as volg op alles wat gebeur: "As dit goed is, is dit goed en as dit sleg is, is dit sleg."

Maar miskien doen ons dit verkeerd, want as ons alles in ons lewens doen om Jesus te verheerlik, dan is ons "default", ons onmiddellike reaksie, om met liefde te reageer. Maak nie saak wat gebeur nie: ons is geprogrammeer om met liefde te reageer. Altyd die liefde.

AMEN